# Notule Algemene Jaarvergadering

# BJV Waterbergtak

**Notule van vergadering gehou op 24 Augustus 2006 te Bosvaria gebou Nylstroom**

1. Vergadering word met gebed geopen en Gerrit Bakker verwelkom almal teenwoordig

2. Konstituering & Presensie.

    2.1 'n Kworum is teenwoordig.

    2.2 Verskonings : D. Stanford , W Palm , H de Wet , L Swanepoel , J Stolp , P Rossouw , Pa Boshof , R Boshof , J Thiart , J Potgieter , P Loods , T Ahlers , DS W Potgieter , DS T Kriek , V De Souza , P VD Schyff , P Lombaard , B Spies , Alle Prinsloo's van PTA , W Mostert , D Terreblanche en Famielie , Basjan Bakker , Chrisjan Bakker , I VD Merwe ,

    2.3 Persensielys word gesirkuleer.

3. Gerrit Bakker Hou die Gedragskode voor.

4. Vasstelling van die Sakelys 10.9 Duifjag & 10.10 Vergadering datums word onder algemeen bygevoeg.

5. Notule van vorige vergadering word voorgehou en goedgekeur .

6. Geen sake voortspruitend

7. Gerrit Bakker hou voorsittersverslag voor.

8. Jandrê Van Ellewee Hou Waterbergtak se finansiële verslag voor . Geldmark fonds beloop R 50 800-00 ; Tjek rekening staan op R 16 677-00 ; Kontant op hande beloop R 1500-00 . Die vraag ontstaan waarvoor hierdie fondse aangewend gaan word , die idiaal sou wees om dit aan te wend vir 'n skietbaan van ons eie of een of ander skietplek beskikbaar te stel vir ons lede.
   Geen verdere vrae aan die tessourier.

9. Verkiesing van die nuwe bestuur staan oor tot laaste op die sakelys.

10. Algemeen

    10.1 Een aansoek word ingehandig en verwys na volgende bestuursvergadering , geen verdere aansoeke.

    10.2 Pieter Snyman word voorgestel as ouditeur vir 2005/2006 , voorgestel deur Jandre van Ellewee Gesekondeer deur Wors Prinsloo.

    10.3 Jag en aktiwiteitsregisters is beskikbaar , die wet vereis dat die organisasie bestuur verslag moet doen aan sentraal van alle toegewyde jagters .Daar is 'n minimum van 3

aktiwiteite of 3 gestaafde jagte of kombinasie daarvan waaraan voldoen moet word , DIT IS WET.Toegewyde jagters word van vereis om bewyse (die maklikste is om jou aktiwiteits register op datum te hou) van bywoning van tak aktiwiteite of georganiseerde jagte voor te lê aan die bestuur van die tak.Die bestuur sal dan verslag doen aan sentraal en hulle sal dit verder neem. Geen verslag sal daartoe ly dat jy jou toegewyde status verloor , dus sal jy ook jou wapen lisensies verloor.By gestaafde jagte word bedoel jagte waar jy stawende bewyse soos permitte , toestemmings briewe en vervoerpermitte kan indien . Alle dokumente moet afskrifte van die oorspronklike wees , die bestuur kan nie en sal nie verantwoordelik gehou word vir die verlies van oorspronklike dokumente nie .Gerrit Bakker doen 'n beroep op toegewyde jagters om dit ernstig op te neem en hulle verslae in te dien.Gerrit is ook bekommerd dat aktiwiteits registers nie gebruik word nie.Registers is beskikbaar vanaf Jandrè en ook Theunis (Bosveld leer en curios OK sentrum Nylstroom) en ook by Japie (JFC Slaghuis op Warmbad)

10.4 Warmbad skietbaan.

- Die bestuur is besig met die kontrak , regs advies is reeds ontvang.
- Daar bestaan 'n moontlikheid dat die skietbaan gehuur kan word vir 'n bedrag van R450-00 per maand.
- Ons verwag dat die volgende gaan moet plaasvind

    - Opgradering
    - Akreditasie van skietbaan
    - Omheining en sekuriteit
    - Brand voorkoming
    - Opgradering van geboue
    - Daar moet gekyk word na lopende kostes
    - Braai geriewe moet opgegradeer word
    - Watervoorsiening
    - Elektrisiteit
    - Beampte in beheer
    - Takbestuur asook Sentraal het die kontrak goedkeur
    - As daar geen besware is nie moet die kontrak voor die einde van die vergadering geteken word
    - R40 per lid ekstra per jaar word benodig vir die skietbaan
    - Enige hulp ,borge of donasies is welkom
    - Hierdie kostes is voorlopig en dus nie vas nie

- Menings peiling sms onder lede oor die R40 Baanfooi per jaar was baie positief , slegs een gesin en een lid het beswaar gemaak.
- Waterberg Skietklub is nie finansiëel in die posisie om soos BJV Waterberg die skietbaan te kan hanteer nie. BJV wil graag vir hulle bystaan en 'n voorstel om hulle lede van ons te maak is deur sentraal goedgekeur , hulle sal dan ledegelde ens soos al ons lede betaal maar sal kwytgestel word van intree gelde.

- Nie lede sal op skietdae meer betaal aan baangelde as opbetaalde BJV lede.
- ‘n Voorstel dat een lid van Waterberg Skietklub ons bestuurvergaderings bywoon word gemaak.
- ‘n Toesighoudende beampte of baanbeampte moet aangestel word.
- Gerrit Bakker stel voor dat die verhoging in huur per jaar vir die skietbaan aan die VPI koers gekoppel word.
- Oom Henk stel voor dat SA Jagters ook dalk belang kan stel om die baan van ons te huur , ons sal enige organisasie akkommodeer na onderhandelinge solank dit aan die baan se staandeorders voldoen .
- Dit is noodsaaklik dat die baanbestuur op Warmbad sal wees agv logistiek en makliker beheer van die baan.
- Verdere onderhandeling sal met Waterberg skietklub gedoen word na akreditasie en soos nodig.
- Oom Henk stel voor dat die Bestuur van die tak ‘n mandaat kry vir onderhandelinge met Waterberg Skietklub en dit word so aanvaar deur almal teenwoordig.
- Oom Andrè Zeeman van Waterberg Skietklub word deur Gerrit Bakker bedank vir sy moeite met die eerste onderhandelings met die skietbaan.
- Oom Jan bedank die bestuur van BJV Waterberg tak vir hulle moeite en werk met die skietbaan reëlings.
- Skietbaan instandhouding is nog nie gefinaliseer nie maar sal moontlik grootliks of heeltemal uit BJV gelde gefinansier word.
- Lopende kostes sal moontlik uit inkomste op skietdae deur baangelde gefinansier word.
- Willem Van Deventer noem dat Waterberg Komando sekere toerusting van die ou skietbaan op Nylstroom aan BJV Waterberg skenk om op die nuwe baan te gebruik.

10.5 Die jaareindfunksie word by Metsi-Metsi gehou op 2 September en beloof om ‘n heerlike aand te wees.Kaartjies is beskikbaar teen R150 per paar of R75 per person.Gerrit Bakker bedank Pepe Silvestri en Duncan Purchase vir die reëlings .

10.6 BJV Sentraal se trofee kompetisie vind plaas op 27 Oktober 2006.

10.7 BJV algemene jaarvergadering te Pietersburg vind plaas op 28 Oktober 2006 en word gevolg deur ‘n dinee dieselfde aand.

10.8 Chasa

- 10.8.1 Endorsiment deur BJV vir nuwe lisensie aansoeke is beskikbaar , doen aansoek by takbestuur.
- Nuwe skiettoets vir Chasa kwalifikasie (nuwe rooibok teiken) punte om te slaag bly 27 (60 %) en bly ‘n brons balkie , 36 punte behaal ‘n silwer balkie , 42 punte behaal ‘n goue balkie en 45 punte behaal Voltal goud (goud 100%)
- Enige senterslag kaliber mag gebruik word , enige teleskoop mag gebruik word.
- Instel word voor die Chasa table geskiet word toegelaat .
- Geen tydsbeperking , maar skuts mag aangepor word indien nodig.
- 10.8.2 Tabel bestaan uit 3 skote op 200m in die lê posisie met natuurlike rus voor of “bi pod” (sit of staan met 3 poot toegelaat , geen sandsakke of skietrame) : 3

skote op 100m sit of staan met drie poot : 3 skote op 50 m staande sonder enige ondersteuning. Punte soos volg hart 5 , klein long 4 , groot long 3 , enige ander skoot op bok -1 , enige skoot nie op bok 0.

- 10.8.3 Brons 27 punte ; Silver 36 punte ; Goud 42 punte ; Goud 100 , 45 punte (voltal)
- 10.8.4 Nuwe Junior opleiding ,Nuwe meesterjagters eksamen asook toegewyde jagters eksamen in 2007.

10.9 Duifjag – Ons lede jag baie voëls , ons gaan poog om deur Chasa te reageer op teenstanders van voëljag .Wors Prinsloo noem dat die mense wat gekla het oor georganiseerde voëljag nie weet waaroor dit gaan en hoe dit plaasvind nie , almal teenwoordig voel dat die mense moontlik verveeld is en niks beter het om te doen as om hulle te bemoei met dinge waarvan hulle niks weet of verstaan nie.Gerrit Bakker noem dat georganiseerde jag 'n baie beter manier van beheer is , asook meer omgewings vriendelik is.

10.10 Stoffel Nell versoek dat die Jaarprogram van Waterbergtak aan die sakekamer gestuur word , die organisasie wat se datums eerste ingedien word geniet voorkeur in hulle dagboek.

9. (oorgedra tot laaste) Verkiesing van die nuwe Bestuur.

Wors Prinsloo is nie beskikbaar vir die 2007 bestuur nie.

Huidige bestuur wat weer beskikbaar is : Gerrit Bakker ; Josua Haarhof ; Ian VD Merwe ; Dave Houston ; Jandrè van Ellewee ; Japie Cilliers ; Frits Bosch ; Willem Van Deventer ; Theunis Victor ; Duncan Purchase ; Pepe Silvestri ; Gerrit-jan Bakker ; Gerrit Botha.

Daar moet verkieslik 16 bestuurslede wees.

Nuwe nominasies : Jan Van Blerk ; Gerrie VD Westhuizen ; Pieter Lombaard.

'n Totaal van 16 lede is genomineer en word deur die vergadering aanvaar.

Geen ander sake word deur die vergadering opgebring nie .

Vergadering word afgesluit deur Gerrit Bakker en almal teenwoordig word genooi na 'n bring en braai na die vergadering.